onder af' soos dit geskryf behoort te word en slaag beslis daarin om "[to make] a small contribution towards creating...a humane and democratic society, in which all are respected for who and what they are" (p.15).

**Henriëtte J. Lubbe**
*Universiteit van Suid-Afrika*

**Candy Malherbe en Uma Mesthrie:** ***Not Slave, not Free.*** (Shuter & Shooter, Pietermaritzburg, 1992) 94 pp. ISBN 0796004293.

*Not Slave, not Free* handel oor ingeboekte arbeid en is die sesde boekie in *Shuter's History Reference Library*. Dié reeks het ten doel om die oorsprong en vroeë geskiedenis van die meeste van die huidige inwoners van Suid-Afrika te beskryf. Die titels van die eerste vyf werke is *These Small People* (Hunter-gathers), *Men of Men* (Herders), *Always Working* (Slaves), *Changing the Land* (Early farmers), *Struggle for the Land* (19th Century Farmers).

Die aanslag van *Not Slave, not Free* is om inligting op 'n eenvoudige en stimulerende wyse aan te bied. Die mark waartoe hierdie werk en die res van die reeks hom rig, is dan ook die skolier. Die doel van die reeks word saamgevat as "... to provide pupils with accurate and authentic information about the people of southern Africa – their different occupations and activities and how these have changed in the course of time". As sodanig kan dit aan 'n besondere behoefte voldoen om die skolier daarvan bewus te maak dat daar ook geskiedenis buite die skoolkurrikulum is en dat dit op n interessante en prikkelende wyse aangebied kan word. Benewens die skolier, sal hierdie reeks beslis ook nuttig deur die breë publiek gebruik kan word.

*Not Slave, not Free* gaan eerstens die oorsprong en betekenis van die stelsel van ingeboekte arbeid na en probeer daarna ook om op vergelykende basis na wyer as net suidelike Afrika te verwys. Daarna word gekyk na vroeë skemas waarvolgens ingeboekte arbeiders vanaf Europa na Suid-Afrika gekom het – dié van Baron Gijsbert Karel van Hogendorp, dié van Benjamin Moodie, dié van die Britse regering en dié van die "Children's Friend Society" – benewens die geval van swart slaweskepe wat aan die Kaap voorgekeer en die slawe wat daarna as ingeboekte arbeiders behandel is. Die res van die boekie word in 'n groot mate net aan ingeboekte Indiërarbeiders in Natal gewy. Daar word onder meer aandag gegee aan die sosiaal-ekonomiese omstandighede waaronder hulle geleef het, hulle werksomstandighede en agitasie vir meer regte. Die inligting word goed met foto's, kaarte en ander illustrasies toegelig. Die metode om algemene posisies aan die hand van individuele gevalle te behandel en te verduidelik sal beslis ook vir die skolier interessant wees.

Dit is egter jammer dat in die werkie in so 'n oorwegende mate op ingeboekte Indiërarbeiders gekonsentreer word. Die leser sou byvoorbeeld baie meer inligting wou gehad het oor ingeboekte Chinese arbeiders as die baie kort stukkie daaroor op pp. 82-83. Verder is dit nie voldoende om net in 'n kort sluitingsparagraaf die leser daaraan te herinner dat ingeboekte arbeid ook in sommige gevalle op plaaslike Khoikhoi, swartmense, ens. van toepassing was nie – ten spyte daarvan dat inligting daaroor in van die ander boekies in die reeks gegee word. Tog kan dié boekie by die mark waartoe hy homself rig as 'n aanwins aanbeveel word.

**J.S. Bergh**
*Universiteit van Pretoria*

**Piet Beukes:** ***The romantic Smuts. Women and love in his life.*** (Human & Rosseau. Kaapstad en Johannesburg 1992).

Oor die Smuts-figuur is daar deur die jare baie geskryf en sal daar in die toekoms nog baie geskryf word, juis omdat hy nie net in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie, maar ook internasionaal, groot en blywende indruk gemaak en gelaat het. Die meeste van hierdie werke is sonder enige voorbehoud werke van formaat, wat Smuts in 'n besondere mate in historiese verband in perspektief gestel het.

En toe kom Piet Beukes die afgelope tyd eers met *The Holistic Smuts*, wat hoegenaamd nie in dieselfde kategorie as bovermelde werke geplaas kan word nie. En noú, glo dit as u wil, *The Romantic Smuts*. Die suggestiewe sub-titel moet die nodige verdere stimulus verskaf vir dié lesers wat op hierdie tipe leesstof ingestel is. Met die bekendstelling van hierdie boek van Beukes het my gedagtes onwillekeurig teruggegaan na die onlangse onthullings van die liefdeslewens van die Engelse koninklikes wat aan die media en aan 'n sekere leserspubliek soveel genot en opwinding besorg het. Vrye teuels is aan die perverse gegee. Ek sal nie kwalik geneem word as ek hierdie boek van Beukes in dieselfde geselskap plaas nie. Om watter rede gaan delf jy in die persoonlike privaat lewe van 'n persoonlikheid soos dié van Smuts? Die motief kan niks anders wees as bloot die soeke na goedkoop sensasie nie. Dit is die kategorie waarin 'n boek soos hierdie hoort. Dit is 'n publikasie hierdie wat geen bydrae lewer tot die wetenskaplike bestudering van die Smuts-figuur en van sy plek in die geskiedenis nie. En dan na al die gegorrel oor 'n span van 175 bladsye kom Beukes tot die gevolgtrekking dat Isie was "Smuts' real and only love partner." Wat 'n ontdekking!

Kyk jy na die samestelling van *The Romantic Smuts* dwing dit jou tot basiese kritiek op 'n ander vlak. Van die historiese metode as sodanig het Beukes geen begrip nie. In sy *The Holistic Smuts* het die skrywer darem nog probeer om 'n tikkie historiese wetenskaplikheid aan die dag te lê. Daarby was immers 'n bronnelys, hoe onvolledig nou ook al, en so 'n paar voetnote. In hierdie boek onder bespreking is daar geen bronnelys en geen bronneverwysing nie. Die boek bestaan in 'n groot mate uit die saamflans van lang aanhalings wat in alle gevalle moeilik lees. Die styl vloei nie. Van sintese is daar natuurlik geen sprake nie. Dit wil voorkom of die skrywer as hy nie die inhoud van 'n brief of aanverwante